

BYWOORDE

(Beskrywende woorde by handeling (werkwoorde), eienskappe (b.nwe.) en bepalinge (bywoorde))

(a) Betekenis:

Kyk na die volgende sinne:

Die meisie sing **mooi** (bepaling van „sing”).

Die seun is **baie** vriendelik (bepaling van „vriendelik”).

Die man werk **vreeslik** hard (bepaling van „hard”).

Uit die bostaande sinne blyk dit dat bywoorde beskrywende woorde is by werkwoorde (bv. mooi), by eienskappe (bv. baie) en by bepalinge (bv. vreeslik).

SOORTE BYWOORDE

Ons kan die volgende soorte bywoorde onderskei:

1. Bywoorde van Tyd, bv.

Hy het **vroeër** in die Transvaal gewoon.

Vanmelewe het die mense anders aangetrek.

Bedags werk ons, maar **snags** slaap ons.

Ons was net **betyds** om die bus te haal.

Twee weke **gelede** het hy verjaar.

Teenswoordig veg hulle baie met tenks.

Ek het **soëwe** van die dorp af teruggekom.

Smiddags speel ons krieket.

Hy gaan baie **selde** bioskoop toe.

Ek waarsku hom **aldag** om nie in die rivier te swem nie.

Ek wil **aans** (aansies; aanstons; aanstonsies) dorp toe gaan.

Kom **gou** (gou-gou) hiernatoe.

Oom Piet gaan **eersdaags** met vakansie Kaap toe.

Ons het **eers** in Kimberley gewoon.

Ek het **eindelik** 'n brief van hom gekry.

Hedentendage is alles baie duur.

Soms (somsyds) doen ek 'n lang wandeling.

Voortaan sal jy maar self moet klaarkom.

Ek het hom vandag al **telkens** daaraan herinner om die werk te doen.

Was jy al **tevore** in hierdie dorp?

Ek is **lankal** klaar met my werk.

Ons het **meteens (skielik)** 'n groot lawaai gehoor.

Jy moet **onmiddellik (dadelik)** bed toe gaan.

Hulle gaan **more vergoed** weg.

Ek het so-iets al **menigmaal** ondervind.

Ek het **eenmaal** in die bosveld 'n snaakse ervaring gehad.

Terwyl ek water gaan haal het, het Jan **intussen** die vuur aangelê.

Is julle **nog** nie moeg gespeel nie?

Ek gaan huis toe en **dan** leer ek.

Ek het huis toe gegaan en **toe** het ek geleer.

Let op:

- (i) **TOE** word net in die **VERLEDE TYD** gebruik, of wanneer 'n verlede-tydsbegrip uitgedruk word, bv.

Ek het eers my werk voltooi; **toe** stap ek gou dorp toe.

Ek het hom eenmaal gesien en **toe** nie weer nie.

Hy het opgestaan en **toe** het hy die deur toegemaak.

Het jy **toe** die brief gepos?

In die teenwoordige en toekomstige tyd word **DAN** en **NOU** gebruik, bv.

Ek doen eers my werk; **dan** stap ek gou dorp toe.

Pos jy **nou** die brief?

- (ii) Daar is 'n verskil tussen **teenswoordig** en **teenwoordig**, bv.

Teenswoordig (= hedentendage) is ons klere-drag anders as 'n honderd jaar gelede.

Al die seuns was hierdie week **teenwoordig** (= aanwesig) in die klas.

- (iii) Sommige bywoorde van tyd word dubbel geskryf en saamgekoppel om die betekenis te versterk, bv.

gou — **gou-gou**

nou — **nou-nou**

- (iv) Aldrie die volgende vorme het dieselfde betekenis, en kan op dieselfde manier gebruik word:

lankal
al lank
al lankal

- (v) Kyk mooi na die volgende vorme. As dit **vandag** Woensdag is gebruik ons ander bywoorde van tyd vir die ander weksdae, bv.

Sondag: **naaseergister**
Maandag: **eergister**
Dinsdag: **gister**
Woensdag: **VANDAG**
Donderdag: **more**
Vrydag: **oormore**
Saterdag: **naasoormore**

2. Bywoorde van Plek, bv.

Die mand stap **buite** rond.

Kyk **binnekant** of Jan in die huis is.

Ek was nog nie in die Kaap nie, maar more gaan ek **daarheen** (daarnatoe).

As ek jou roep, moet jy **hierheen** (hiernatoe) kom.

Die man het **inwendig** seergekry.

Draai eers **links** dan **regs**.

Kom **hierso**. Moenie **daarso** gaan nie.

Hy woon **daar** **gunter** anderkant die berg.

Loop **vorentoe**/ nie **agtertoe** nie.

Alles **tesame** was daar tien sakke mielies.

Ek gaan na die kern is. Gaan jy ook **soontoe**?

Ek het **oral(s)** na my hoed gesoek.

Waar het jy my hoed gesit? Sê vir my! **Waarso**?

Ek sal om drie-uur **tuis** wees.

Hiervandaan is dit twee myl dorp toe.

Ek sal tot by Piet-hulle ry en **daarvandaan** stap.

Waarheen (Waarnatoe) gaan jy nou?

Waarvandaan kom jy nou?

Die twee skape staan **bymekaar**.

Hierdie os trek **hot**, daardie een **haar**.

Let op:

- (i) Daar is 'n verskil tussen
- huis toe**
- en
- tuis**
- :

HUIS TOE	=	NA	DIE	HUIS
TUIS	=	BY	DIE	HUIS

- (ii) Die nasetsel
- toe**
- word altyd los geskryf van 'n voorafgaande s.nw., bv.

Ons gaan almal kerk toe.

Hy gaan vandag hospitaal toe.

Toe (sonder **na**) word ook los van die s.nw. geskryf as daar 'n lidwoord, 'n bindwoord **se**, b.nw. of ander bepalende woord voor die s.nw. staan, bv.

Hy loop stal **se** kant toe.

Staan **dié** kant toe.

Ons gaan **Duitse** kerk toe.

Ek gaan gou eers **onderste** kamp toe.

In die volgende gevalle word **toe** nie los geskryf nie. **Toe** vorm deel van die saamgestelde woord:

ondertoe	daartoe	waarnatoe
boontoe	hiertoe	hiernatoe
vorentoe	binnetoe	daarnatoe
agtertoe	buitentoe	soontoe

(sien bl. 40.)

- (iii) Daar is 'n verskil tussen
- met**
- en
- mee**
- :

met (voorsetsel): Hy stap saam **MET** my huis toe.

mee (bywoord): Die hond draf ook **MEE**.

Mee is gewoonlik deel van die werkwoord, bv. meegaan, meekom, meeloop, ens.

In plaas van **mee** word **saam** dikwels gebruik, bv.

Gaan jy **saam**? Jan loop ook **saam**.

Let op: Dit is moontlik dat „mee”, as bywoord, aan die verdwyn is. Dit word hoofsaaklik nog net as eerste lid van saamgestelde werkwoorde gevind.

3. Bywoorde van Wysé, bv.

Maak gou; **anders** is jy te laat.
 Hy het die bok **stilletjies** bekruipt.
 Hy loop **saggies (soetjies)** deur die siekkamer.
 Die vrugte smaak **heerlik**.
 Die man slaan **blindelings** op die vlug.
 Hy antwoord my **kortaf**.
 Hierdie stok is **effentjies (effens)** langer as daardie.
 Praat asseblief **duidelik**.
 Daar dit laat is, moet jy nou **liewers** huis toe gaan.
 Die seun leer **fluks**.
 Die motor lê **onderstebo** op sy kap.
 Ons stap **langsaam (stadig)** aan.
 Hy loop **rus-rus** aan.
 Sy stap **soek-soek** die straat af.

Let op:

- (i) Om die betekenis van die bywoord te versag, word die verkleinwoordvorm plus 'n slot-s dikwels gebruik, bv.

stil — **stilletjies**
 sag — **saggies**
 stadig — **stadiggies**
 effens — **effentjies**
 lief — **liefies**

- (ii) Byna alle b.nwe. wat as bywoorde gebruik word, behoort tot hierdie klas bywoorde, bv.

Die man loop **vinnig**.
 Hy vyl die kerie se knop **rond**.
 Piet skryf **klein**.
 Sy sing **lelik**.
 Die kinders speel **soet**.

- (iii) Deur werkwoorde dubbel te skryf en saam te koppel kan baie bywoorde van wyse gevorm word, bv.

Die kaffers loop **sing-sing** die pad af.
 Ek het hom **lag-lag** sleggesê.
Spring-spring kom die kinders aangehol.

4. Bywoorde van Graad of Hoeveelheid, bv.

Jy betaal **veels** te veel daarvoor.
 Daar is **nog omtrent** tien appels oor.
 Dit reën **vreeslik** hard en blits **taamlik baie**.
 Ek hoor **slegs (net)** af en toe van hom.
 Ek was **alte** kwaad vir hom vandag.
 Ek kan jou **skaars** hoor van hier af.
 Ek verstaan **glad** nie wat hy sê nie.
 Ek is **hoogs** tevrede met jou werk.
 Daardie storie is **heeltemal** onwaar.
 Ek verstaan nie **juis** wat hy bedoel nie.
 Ons was **nouliks** daar of dit begin reën.
 Piet is **verreweg** die slimste van die twee.
 Jan **veral (vernaam)** is 'n **baie** slim seun.
 Hy boer **hoofsaaklik** met pluimvee.
 Daar was **uiters** ses mense op die vergadering.
 Ek was **so** moeg dat ek **byna (amper)** nie kon loop nie.
 Het julle al **genoeg** gedans?
 Die dief moes die vee teruggee en **boonop** 'n boete ook betaal.
 Daar was **min of meer** vyftig bokke in die trop.

Let op:

- (i) Bywoorde kry gewoonlik nie die **e**-verbuiging nie. Sommige bywoorde wat voor attributiewe byvoeglike naamwoorde staan, word partymaal verbuig na analogie (= die voorbeeld) van die b.nwe, bv.

Hy is 'n **vreeslike** sterk kêrel.
 Dit was 'n **verskriklike** groot skip.
 Dit is 'n **geweldige** harde slag.
 Hy koop 'n **taamlike** duur motor.

- (ii) Daar is 'n verskil tussen **boonop** en **bo-op**:

boonop (bywoord): Hy is gestraf en **boonop** moes hy die gesteelde geld terugbetaal.

bo-op (voorsetsel): Die kinders klim **bo-op** die wa.

(iii) In die volgende sinne:

Hy het moeite **genoeg** gedoen, en:
 Daar is **genoeg** water vir almal,
 is **genoeg** 'n **omvangswoord** (sien: **omvangs-**
woorde) en **nie** 'n bywoord nie.

(iv) In die sin:

Hy hou veral van dansmusiek
 is „veral” 'n bywoord. (**veral** bepaal „hou van”)
 In die onderstaande sin is veral 'n **byvoeglike**
naamwoord: (**veral** bepaal „Jan”)
 Jan **veral** het baie hard gewerk.

5. Bywoorde van Modaliteit.

Bywoorde van modaliteit help om die houding van die spreker teenoor die waarheid van die handeling (of toestand) uit te druk. Die volgende skakeringe kan aangetoon word:

(a) **Bevestiging**: Ek weet **werklik** nie wie hy is nie.
 Jy is **mos** 'n dapper seun.

(Verder: **seker, gewis, werklik, net, bepaald, stellig, inderdaad, beslis, tog, regtig, juis, wel, immers, ens.**)

(b) **Ontkenning**: Ek sal dit **nog nooit** doen **nie**.
 Dit is **glad nie** waar **nie**.

(Verder: **geensins, onmoontlik, nooit eens, volstrek nie, tevergeefs, heeltemal nie, tog nie, ens.**)

(c) **Twyfel**: **Miskien** kom hy vanaand.
Altemit gaan Piet ook saam.

(Verder: **waarskynlik, vermoedelik, denklik, dalk, glo, moontlik, seker, ens.**)

(d) **Wens**: Kom **asseblief** dadelik.
 As hy dit **tog maar** wil doen!

(Verder: **asseblief tog, tog, toe tog, ens.**)

- (e) **Toegewing:** Jy is **darem** slim.
Dit is **tog** die waarheid.
(Verder: **egter, ewewel, nogtans**
intussen, ondertussen, nietemin,
nieteenstaande, darem tog, des-
nieteenstaande, desondanks, ens.')
- (f) **Voorwaarde:** **Desverkiesend** kan jy die werk more
klaarmaak.
Desnoods moet jy die dokter van-
aand weer gaan raadpleeg.

Let op:

- (i) Kyk na die volgende sinne:

Hy is **ongetwyfeld** 'n goeie speler.

Jan is **darem** 'n gawe seun.

Dit is **natuurlik** onwaar.

In die sinne met **is** bepaal die bywoord **nie** die
werkwoord nie, maar die hele gesegde. Kyk weer na
die bostaande sinne:

ongetwyfeld bepaal „is 'n goeie speler”

darem bepaal „is 'n gawe seun”

natuurlik bepaal „is onwaar”, ens.

- (ii) Bywoorde soos **daarom, selfs, ook, verder, tog,**
egter, daarenteë, nogtans, daardeur, gevolglik,
anders, ens. word dikwels gebruik om sinne te ver-
bind. Hulle word dan **Voegwoordelike Bywoorde**
genoem. Hierdie soort woorde word volledig in die
hoofstuk oor voorsetsels en voegwoorde bespreek.
- (iii) **nooit . . . nie** (soos in: In die winter gaan ons nooit
saans uit nie) word gewoonlik as 'n bywoord van
tyd gebruik en baie selde as 'n bywoord van mo-
daliteit (soos in: Nee, ek sal dit **nooit** doen **nie** — 'n
sterk ontkenning).

6. Ander bywoorde:

Ons kan ook nog die volgende soorte bywoorde on-
derskei:

- (a) **Bywoorde van Oorsaak, bv.**

Daardeur het hy gedruip.

(Verder: **hierdeur, dientengevolge, ens.')**

(b) **Bywoorde van Omstandigheid, bv.**

Piet het **onverwags** gekom.

(Verder: **aanhoudend, plotseling, onvoor-
siens, alleen, vergeefs, splenderwys,**
ens.)

(c) **Bywoorde van Verhouding en Beperking, bv.**

Slegs twee was gewond.

Die deur is **net** effens oop.

(Verder: **gedeeltelik, alleen, altans (in)sover,
eensdeels, hieromtrent, daaromtrent,**
ens.)

(d) **Bywoorde van Rede, bv.**

Daarom wou hy my nie help nie.

(Verder: **hierom, dus, derhalwe, ens.**)

(e) **Bywoorde van Middel, bv.**

Hiermee het ek hom geslaan.

Daarmee het ek die water geskep.

(f) **Bywoorde van Maat, bv.**

Hy skep **min** uit.

Ek voer hom **bietjie-bietjie** op 'n slag.

(g) **Bywoorde van Doel, bv.**

Hiertoe word 'n lang stok gebruik.

(Ook: **daartoe, daarvoor, ens.**)

(b) **Fleksie.**

Ons het alreeds opgemerk dat byna alle byvoeglike naam-
woorde ook as bywoorde gebruik kan word. Sulke bywoorde
behou hulle gewone trappe van vergelyking, bv.

Jan sing **mooi**. Sannie sing **mooier**. Lettie sing (die)
mooiste.

Ek skryf **lelik**. Jy skryf **leliker**. Hy skryf (die)
lelikste, ens.

Die volgende bywoorde het onreëlmatige trappe van ver-
gelyking. Let op na die voorbeelde:

Stellende Trap	Vergrotende Trap	Oortreffende Trap
wel; goed	beter	beste
vroeg	vroeër; eerder	vroegste; eerste
seld	minder (male)	(die) minste
dikwels	meermaal	mees(t)al
veraf	verderaf	die verste af
graag	{ liewer(s) liewerster	{ liefs; liefste; die graagste
verweg	verder weg	die verste weg
naby	nader	(die) naaste
sleg; erg	{ erger slegter	{ (die) ergste (die) slegste
{ bietjie; weinig; min	minder	(die) minste

In die volgende gevalle vind ons omskrywinge en NIE trappe van vergelyking nie:

agter	{ verder na agter verder agtertoe	heel agter
bo	{ verder na bo verder boontoe	heelbo
voor	{ verder na voor verder vorentoe	heel voor
onder	{ verder na onder verder ondertoe	heel onder

VRAENDE BYWOORDE

Vraende bywoorde is eintlik bywoorde van tyd (bv. wan-neer), plek (bv. waar, waarheen, waarso), wyse (bv. hoe), graad (bv. hoe), ens. Hier volg voorbeelde van hoe hulle gebruik word. Die onderstreepte woorde aan die linkerkant is die antwoorde op die vrae aan die regterkant:

Sin

Hy het my in die dorp
gesien.

Die man het gister terugge-
keer.

Die seun kom van Middel-
burg af.

Hulle gaan strand toe.

Die trein vertrek om drie-
uur.

Hy het gedruip, omdat hy
nie hard geleer het nie.

Jan is sewe jaar oud.

Hy woon al drie jaar in die
Kaap.

Die slang was baie groot.

Vraag

Waar het hy my gesien?

Wanneer het die man te-
ruggekeer?

Waarvandaan kom die
seun?

Waarheen (Waarnatoe)
gaan hulle?

Hoe laat vertrek die trein?

Hoekom (Waarom) het
hy gedruip?

Hoe oud is Jan?

Hoelank woon hy al in
die Kaap?

Hoe groot was die slang?

Let ook op die gebruik van die volgende telwoorde:

Hy was tweede in sy klas.

Dit is more 12 Mei.

Jan het sewe osse.

Hy het vir 'n sikspens ge-
koop.

Jan koop 'n trippens se
suiker.

Hoeveelste was hy in sy
klas?

Die **hoeveelste** is dit more?

Hoeveel osse het Jan?

Vir **hoeveel** het hy gekoop?

Hoeveel se suiker koop
Jan?

TUSSENWERPSELS

(Gewaarwordingswoorde)

Betekenis:

Kyk na die volgende voorbeelde:

Eina! Jy maak my seer.

Soe! Die son brand weer vandag.

Foei tog! Het jy baie seer gekry?

Hiert! Hoe laat jy my skrik?

Arrie, maar jy kan goed perdry!

Jou vabond! Bring hier my hoed!

Hoera! More sluit die skool!

Ga! Hierdie ding ruik sleg.

Sies! Moenie so morsig wees nie!

Sjuut! Praat bietjie sagter!

Uit die bostaande voorbeelde merk ons dat die vetgedrukte woorde aanduidinge van gewaarwordinge is. Hulle druk ook 'n verskeidenheid van gevoelens uit: medelye, bewondering, afsku, blydschap, ens. Hierdie soort woorde word **Tussenwerpsels** genoem. Let op die gebruik van die volgende:

Voert! of **Voertsek!** — as jy 'n hond wegja, of uit die huis uitja.

Doring! **Ou bees!** **Ryperd!** **Ramkat!**

Skilpadram! e.a. — as uitroepe van verbasing en bewondering.

Kiep! — as jy 'n hoender wegja.

Pardoems! — as jy vertel hoe iemand in die water geval het.

Sal! — as jy 'n hond aanhits om iets te vang.

Hemeltjie! **Gonnatjie!** **Hedetjie!** **Vadertjie!** — as jy in die knyp is en nie weet wat om te doen nie; of as jy bang is iets onaangenaams gaan plaasvind, ens.

Let op die volgende:

Onderstaande uitroepe is NIE tussenwerpsels nie, maar bevele en bewerings:

Hok! — as jy kalwers aanja, of 'n kalfie wat wil drink terwyl jy melk, wegja.

Hokaai! of **Hook(haai)!** — as jy osse (beeste) beveel om stil te staan.

Kiep-kiep! aanhoudend — as jy hoenders roep.

Pielie-pielie! aanhoudend — as jy eende roep.

Niks tampa! — as jy iemand sê dat jy die albasters wat jy van hom gewen het, nie gaan teruggee nie.

Hierdie woorde is dus eintlik werkwoorde soos in die imperatief (gebiedende wys) gebruik.

VOORSETSELS EN VOEGWOORDE

(Aanduidinge van verhoudinge tussen twee apart uitgedrukte begrippe)

Betekenis:

Kyk na die volgende sinne:

Die mes **in** my sak is vuil.
Die man staan **onder** die boom.
More skryf ek **aan** hom.
Die mes lê **op** die tafel.
Water **by** ons is maar skaars.
Jan **en** Piet gaan bioskoop toe.
Ek sê nie **dat** sy naam Jan is nie.
Ons gaan nie **want** dit reën te veel.
Sodra jy tuiskom, moet jy hom opbel.

Wat kan ons opmerk?

Die vetgedrukte woorde is die aanduidinge van verhoudinge tussen twee apart uitgedrukte begrippe, bv. **onder** druk die verhouding uit tussen „die man” en „staan”. Dit vertel op watter plek die **staan** van die man plaasvind ten opsigte van (met betrekking tot, in verhouding met) die **boom**. **Op** verbind „lê” en „tafel” deur die verhouding tussen die twee aan te dui. Woorde soos **op**, **in**, **aan**, **by** en **onder** wat veral gebruik word om werkwoorde met s.nwe. en v.nwe., maar ook s.nwe. en vnwe., met mekaar te verbind en die verhouding tussen hulle aan te toon, word gewoonlik **Voorsetsels** genoem.

Ons moet oplet dat „mes” en „sak” of „staan” en „onder die boom” nie gelyke waarde besit nie. „Sak” is ondergeskik aan „mes” en „onder die boom” is ondergeskik aan „staan”; daarom sê ons die voorsetsel verbind twee begrippe **onderskikkend**.

En, **want**, **dat** en **sodra** verbind en dui ook die verhouding tussen twee aparte begrippe aan. **En** in die sesde voorbeeld hierbo dui die verhouding aan tussen Jan en Piet. **Want** dui weer die verhoudinge tussen twee handeling aan, n.l.

'n verhouding van rede tussen wat ons nie doen nie en wat daar gebeur. Hierdie woorde, wat veral gebruik word om sinne aanmekaar te verbind, maar dikwels ook woorde verbind, en wat die verhouding tussen twee gebeurtenisse of begrippe aandui, noem ons **Voegwoorde**.

Ons moet egter op die volgende let: **want** en **en** dui die verhouding tussen twee begrippe of gebeurtenisse van gelyke waarde aan. Hulle is dus **neweskikkend**. Hierdie soort voegwoorde verbind woorde of hoofsinne. **Sodra** en **dat** dui die verhouding aan tussen gebeurtenisse of begrippe wat nie gelyke waarde besit nie: die sinne wat met **sodra** en **dat** begin is ondergeskik aan ander sinne. Hierdie soort voegwoorde is dus **onderskikkend** en verbind hoofsinne met bysinne. Dit is belangrik om hierdie twee soorte voegwoorde in Afrikaans te onderskei, want hulle oefen invloed op die woordorde uit.

Die verskil tussen Voorsetsels en Voegwoorde kan ons as volg aandui:

Voorsetsels	Voegwoorde
1. Verbind twee woorde	1. Verbind twee woorde of twee sinne
2. Verbind onderskikkend	2. Verbind neweskikkend en onderskikkend.

DIE VOORSETSEL

Hier volg voorbeelde van hoe voorsetsels in Afrikaans gebruik word: (Volledige lyste agter in die boek)

AAN: Die mense sit al **aan** tafel klaar om te eet.
Die prent hang **aan** die muur.
Die twee loop hand **aan** hand.
Ek skryf **aan** Jan.
Ek sal **aan** jou dink as jy weg is.
Die man ly **aan** toring.

**AAN-
GAANDE:** Ek kan jou niks slegs **aangaande** sy karakter sê nie.

AGTER: Die besem staan **agter** die deur.

- ANDER-**
KANT: Jan woon **anderkant** daardie berg.
- BENEDE:** Dit is **benede** my waardigheid om my aan so-iets te steur.
- BENEWENS:** **Benewens** mielies kweek hy gars en hawer ook.
- BETREF-**
FENDE: Daar is nou volop nuus **betreffende** krygsoperasies in Europa.
- BINNE:** Ons het die afstand **binne** 'n uur afgery.
- BINNE-**
KANT: Ek was **binnekant** die huis toe ek die skoot gehoor het.
- BLYKENS:** **Blykens** hierdie rapport gaan die vyand ons more aanval.
Let op: **Blykens** verbind „hierdie rapport” met die hele res van die sin. Dieselfde geld vir die voorsetsels **volgens, luidens, weens, ens.**
- BO:** Kinders **bo** twaalf jaar betaal volprys.
 Ek verkies tee **bo** koffie.
- BOKANT:** Hy staan **bokant** die wind.
- BO-OP:** Die kinders klim **bo-op** die huis se dak.
- BUIITE:** Dit is **buite** my bereik.
 Dit het **buite** my medewete gebeur.
 Hy het dit **buite** tekening gelaat.
- BUIITE-**
KANT: Ons staan **buitekant** die huis.
- BY:** Ek het hom **by** die stasie ontmoet.
 Roep hom **by** sy naam.
 Ek het hom **by** voorbaat daarvoor bedank
- DEUR:** Hy kruip **deur** die draad.
Deur die koue is baie skape dood.
- DUSKANT:** Ons woon **duskant** die rivier.
- DIGBY:** Ons woon **digby** die Marais.
- GEDUREN-**
DE: **Gedurende** die naweek gaan ons swem.
- IN:** Hy sit **in** die bootjie.
 Hy gooi die klip **in** die water.
- JEENS:** Hy is vriendelik **jeens** my.

KRAGTENS: **Kragtens** die mag aan my verleen beveel ek jou om dit te doen.

LANGS: Ek het hom **langs** die pad ontmoet.
Hulle woon **langs** ons.

LUIDENS: **Luidens** 'n berig uit Londen was daar verlede nag geen bomaanvalle nie.

MET: Ek praat **met** Jan.
Hy is **met** vakansie kus toe.
Ek groet hom **met** die hand.

NA: Ek stap **na** die skool.
Na skool gaan ons swem.
Ek het **na** hom gekyk.
Hy aard **na** sy vader.
Hy verlang **na** sy ouers.

NAAS(AAN): Die mense woon **naas(aan)** ons.

NAMENS: **Namens** sy vrou het die bruidegom die gaste bedank vir hulle belangstelling.

NEWENS

(NEFFENS): Ek ken nie die man wat **neffens** my sit nie.

NIETEEN-

STAANDE: **Nieteenstaande** die feit dat hy my beskinder het, sal ek hom maar weer help.

OM: Die motor ry vinnig **om** die hoek.
Ek vra jou **om** hulp.
Daar is baie roosbome **om** die huis.
Ek sal **om** drie-uur tuis wees.
Hulle dra die pakkie **om** beurte.

Let op: In die sin „om te swem is gesond” is **om** eintlik NIE meer 'n voorsetsel nie, maar deel van die infinitief.

OMSTREEKS

(OMTRENT): Die skip is **omstreeks** agtuur getorpedeer.

Daar was **omtrent** sewentig bokke in die trop.

ONDANKS: **Ondanks** my waarskuwing het hy die gewonde buffel agtervolg.

- ONDER:** Die hond lê **onder** die tafel.
Onder ons was daar nie een goeie swemmer nie.
Onder die sing het iemand uitgestap.
 Die duikboot seil **onder** die water.
 Tien minute later was die bok **onder** skoot.
- ONGEVEER:** Daar was **ongeveer** twintig mense teenwoordig.
- OOR:** Ons het **oor** die brug gestap.
 Hy het die klip **oor** die muur gegooi.
 Dit is nou tien minute **oor** vyf.
 Sy is bekommerd **oor** haar siek seuntjie.
 Die trein gaan **oor** Durban na Stanger.
Let op: In die sin „Oor die vyftig soldate het gesneuwel” is **oor** NIE ’n voorsetsel nie, maar deel van ’n **onbeaalde telwoord**.
- OORKANT:** Hy woon **oorkant** die rivier.
- OP:** ’n Tafel staan **op** sy pote.
Op die ou end kon ons nie gaan nie.
Op skool leer ons geskiedenis.
 Sy is nie jaloers **op** haar suster nie.
 Die vyand skiet **op** ons.
 Hy lyk baie **op** sy vader.
- PER:** Ek het **per** abuis die verkeerde hoed geneem.
 Hy het **per** fiets skool toe gery.
- REGOOR:** Jan woon in die huis **regoor** ons s’n.
- RANDOM:** Die kinders het tweemaal **rondom** die huis gehardloop.
- SEDERT:** **Sedert** my terugkoms het ek hom nog nie gesien nie.
- SONDER:** Dit help nie om **sonder** geld daarheen te gaan nie.
- TE:** Hulle loop **te** voet skool toe.
 Dit het **te** middernag gebeur.
 Die huis is **te** koop.

TEEN:	Hy sal teen die end van die week terug-kom. Hy het hom teen die tafel gestamp. In Durban kan jy dit teen die helfte minder koop.
TEENoor:	Hy is altyd vriendelik teenoor my.
TEN:	Ons woon ten ooste van daardie berg.
TER:	Ek het hom die brief ter insage gestuur. Hy het ter elfder ure opgedaag.
TOT:	Wag hier tot halfdrie. Tot my spyt kon ek nie gaan nie.
TROTS:	Trots alle inspanning kon ons die swaar klip nie beweeg nie.
TUSSEN:	Die plaas lê tussen die berge.
TYDENS:	Tydens die eksamens leer ek baie hard.
UIT:	Die seun vertaal uit Afrikaans. Uit goedhartigheid het hy my gehelp.
VAN:	Ek het 'n brief van Jan gekry. Hulle is van honger en dors dood. Hulle het my van kos voorsien.
VERBY:	Ons loop verby die plek.
VIR:	Ek het 'n uur vir jou gewag. Hy is lief vir vis. Hoekom is jy kwaad vir my? Daar waai die wind dag vir dag. Vra vir my as jy wil weet.
VOLGENS:	Volgens Jan het ons nie baie reën gekry nie.
VOOR:	Daar staan twee groot bome voor die huis. Voor ete wil ek eers gou skeer. Dit is nou tien voor drie.
WEENS:	Weens die droogte kan die boere nie ploeg nie.

Die Voorsetsel-frase

Onder voorsetsel-frases verstaan ons uitdrukkinge met twee voorsetsels wat al tot 'n betreklik vaste eenheid gegroei het. Hier volg voorbeelde van voorsetsel-frases:

Hy maak die gat **deur middel van** 'n boor.

Hy verskyn in die hof **op aanklag van** moord.

Op twee na was daar driehonderd skape.

In vergelyking met verlede jaar is die oeste vanjaar baie groot.

Hierdie geld word **ten behoeve van** die armes ingesamel.
(’n Volledige lys van sulke frases verskyn agter in die boek.)

Saamgestelde werkwoorde plus voorsetsels

In die volgende voorbeelde is die tweede vetgedrukte woord NIE ’n voorsetsel of bywoord nie, maar die eerste lid van ’n saamgestelde werkwoord. Dit is slegs in die Teenwoordige Tyd dat die twee dele van die saamgestelde ww. geskei word. In die ander tye word die twee dele altyd aaneengeskrif. Die verlede tyd van die eerste voorbeeld hieronder, byvoorbeeld, is: Die kinders het in die kamer **rondgehardloop**.

Die kinders hardloop **in** die kamer **rond**.

Hy gooi die klip **op** die grond **neer**.

Die man gooi die aartappels **op** die grond **uit**.

Ons kom skielik **op** ’n renoster **af**.

Hy staan my **met** raad **by**.

Die man stel my **aan** Piet **voor**.

Circumposisies

In die onderstaande gevalle het ons eintlik **circumposisies** (d.w.s. woorde rondom ’n ander woord geplaas) met dieselfde algemene betekenis en funksie as preposisies (voorsetsels):

Die seun stap **uit** die huis **uit**.

Die seuns klim **in** die boom **in**.

Die man kyk **by** die venster **in**.

Tot onlangs **toe** het hy nog in Durban gewoon.

Van gister **af** voel die man baie siek.

Jan loop **by** die deur **uit**.

Hy loop **by** my **verby**.

Ons loop **in** die straat **af** (**op**; **aan**).

Hulle stap **onder** die leer **deur**.

Die bang seun kruip **onder** die bed **in**.

Die kind val **van** die dak **af**.

Hulle klouter **teen** die muur **op**.

Ons loop **langs** die rivier **op** (**af**; **aan**).

Ons stap **in** die rivier **op** (**af**; **aan**).

Hy gaan **met** my **saam**.

Let op:

In die verlede tyd hang dit af van die pouses wat ons maak. of ons met 'n circumposisie te doen het, of wel met 'n saamgestelde werkwoord. As ek sê: Ek het in die straat **af** geloop, dan is **in** . . . **af** 'n circumposisie; maar as ek sê: Ek het in die straat **af** geloop, dan is **af** die eerste lid van 'n saamgestelde werkwoord. In die eerste sin het ek 'n pouse na **af** gemaak. In die tweede sin het ek **geen** pouse na **af** gemaak nie.

Dieselfde geld vir die ander voorbeelde, bv.

Hy het by die deur **uit** geloop (*circumposisie*).

Hy het by die deur **uit** geloop (*eerste lid van 'n saamgestelde ww.*)

Hy het onder die leer **deur** gestap (*circumposisie*).

Hy het onder die leer **deur** gestap (*eerste lid van saamgestelde ww.*)

MAAR:

In „tot onlangs **toe**” en „van gister **af**” is **toe** en **af** altyd deel van 'n circumposisie.

Verhoudinge deur voorsetsels uitgedruk

Soos aangedui, is voorsetsels die aanduidinge van verhoudinge tussen twee apart uitgedrukte begrippe. Ons kan o.a. die volgende verhoudinge onderskei:

(a) **Plek**, bv.

Oom Jan sit **op** die stoep.

Hy lê **in** die kamer.

(b) **Tyd**, bv.

Na 'n halfuur . . .

Oor 'n paar dae . . .

(c) **Oorsaak**, bv.

Deur die verkoue kon ek nie gaan nie.

(d) **Rede**, bv.

Weens siekte moes ons bly.

Uit vrees het hy weggehardloop.

(e) **Middel**, bv.

Hy kap **met** 'n byl.

(f) **Gevolg**, bv.

Tot my verbasing het hy deur die vol rivier gekom.

- (g) **Doel**, bv.
Om te slaag moet jy hard werk.
- (h) **Toegewing**, bv.
Ondanks my waarskuwing het hy die gewonde buffel gevolg.
- (i) **Voorwaarde**, bv.
In geval van moeilikheid moet jy my maar laat roep.
- (j) **Maat**, bv.
Die lekkers is halfkroon **per** pond.
- (k) **Omstandigheid**, bv.
Onder gelag het hy die grap vertel.
- (l) **Verhouding**, bv.
Onder omstandighede gaan dit nie te sleg nie.
- (m) **Uitsondering**, bv.
Behoudens hierdie stoele is niks gered nie.
- (n) **Prys**, bv.
Die motor is vir £200 verkoop.
- (o) **Verdeling**, bv.
Hulle het die kas **aan** stukke gekap.
- (p) **Wyse**, bv.
Op 'n galop kom hy aangery.
Hy het **op** sy gemak die werk verrig.
- (q) **Besit**, bv.
Gee hier daardie boek **van** my.

DIE VOEGWOORD

In Afrikaans onderskei ons drie soorte bindwoorde:

Groep 1: Neweskikkende voegwoorde, d.w.s. voegwoorde wat hoofsinne met mekaar verbind en **geen verandering in die woordorde** meebring nie.

Groep 2: Voegwoordelike bywoorde, d.w.s. bywoorde wat gebruik word om hoofsinne te verbind, en waarby **die werkwoord of hulpwerkwoord net na die voegwoordelike bywoord** staan.

Groep 3: Onderskikkende voegwoorde, d.w.s. voegwoorde wat aan die begin van bysinne staan, en waarby **die werkwoord aan die einde van die bysin** staan.

Hier volg nou 'n handige indeling van die bekendste bindwoorde in Afrikaans.

GROEP 1. Neweskikkende voegwoorde: geen verandering in woordorde nie	GROEP 2. Voegwoordelike bywoorde: werkwoord of hulpwerkwoord na die voegw. bywoord	GROEP 3. Onderskikkende voegwoorde: werkwoord aan die einde van die bysin
en maar dog want of of . . . of sowel . . . as nog . . . nog beide . . . en	dus daarom derhalwe dan toe al tog anders daarna nogtans hierdeur daardeur gevolglik intussen nietemin buitendien bowendien verder desondanks desnieteenstaande desnietemin desweë	dat totdat voordat nadat sodat opdat deurdat omdat wat wanneer of as indien sodra terwyl onderwyl asof daar so . . . dat hoewel alhoewel ofskoon mits tensy waarom hoekom waar sedert soos toe aangesien waarin, waarop, ens. met wie, op wie, ens. waarheen waarnatoe waarvandaan hoe . . . hoe

LET WEL

- (i) **AL** is 'n onderskikkende voegwoord, maar word in groep 2 geplaas, omdat die werkwoord net na **al** staan.
- (ii) **DAN** word gewoonlik net in die **Teenwoordige en Toekomende Tye** gebruik, bv.

Ek staan op; **dan** maak ek die deur toe.

Ek sal opstaan; **dan** sal ek die deur toemaak.

Let op:

Soms kan **dan** met die teenwoordige tydsvorm ook gebruik word vir handelinge wat in die verlede plaasgevind het (historiese praesens). bv.,

Die kêrel is skaars weg, toe (of **dan**) kom hy weer terug.

- (iii) **TOE** word net gebruik om 'n verlede-tydsbegrip uit te druk, bv.

Ek het opgestaan; **toe** het ek die deur toegemaak.

Hy het opgestaan; **toe** maak hy die deur toe.

Hy het opgestaan **toe** ek ingekom het.

Hy het opgestaan **toe** ek inkom.

- (iv) **HOE . . . HOE** gebruik ons as volg:

Hoe gouer jy werk, hoe eerder sal jy klaarkry.

Hoe vinniger jy loop, hoe gouer kom jy daar.

Hoe ouer hy word, hoe minder neem hy aan sport deel.

- (v) Daar is 'n verskil tussen **ander**, **andere** en **anders**:

anders (voegwoordelike bywoord): Maak gou;

ANDERS is jy te laat.

anders (vnw.): Wil jy iets **ANDERS** hê?

ander (b.nw.): Waar is die **ANDER** seuns?

ander (s.nw.): Hier is party boeke, maar waar is die **ANDER**?

andere (vnw.): net in die uitdrukking **onder andere**, bv. Daar was **ONDER ANDERE** 'n raket onder die goed wat verkoop is.

- (vi) AS word gewoonlik in bywoordelike bysinne van tyd met die teenwoordige-tydsvorm van die werkwoord gebruik om 'n gewoonte-handeling uit te druk, bv.

As hy Durban toe gaan, neem hy my altyd saam.

Let op:

Soms kan **as** ook met die teenwoordige-tydsvorm gebruik word vir handeling wat in die verlede plaasgevind het (historiese praesens), bv.

Ons deursoek die hele bos, en toe (of **as**) ons die bok kry, vind ons dat die hiënas net enkele bene oorgelaat het.

- (vii) Die betreklike voornaamwoord is alreeds behandel
Onthou net:

- (a) Vir **MENSE, DIERE EN DINGE** gebruik ons **WAT**, bv.

Die **man** **WAT** . . .

Die **hond** **WAT** . . .

Die **stoel** **WAT** . . .

- (b) **WIE** word net vir mense **SAAM MET 'N VOORSETSEL** gebruik, bv.

Die **man** **AAN WIE** . . .

Die **dame** **MET WIE** . . .

Die **seuntjie** **OP WIE** . . .

- (c) Ons gebruik **NIE** 'n voorsetsel onmiddellik voor **WAT** nie. Ons sê bv., „op wat” nie, maar **WAAROP**. Kyk na die voorbeelde:

Die stoel **WAAROP** (nie „op wat” nie)
jy sit, is stukkend.

Die emmer **WAARIN** (nie „in wat” nie)
hy die melk gooi, is byna vol.

- (d) **WIE SE** word net vir mense gebruik, bv.

Die **seun** **WIE SE** arm af is, . . .

Die **man** **WIE SE** hoed weg is, . . .

Die **vrou** **WIE SE** huis afgebrand het, . . .

Vir diere en dinge gebruik ons WAARVAN, bv.

Die **wa** WAARVAN die wiel stukkend is, ...
 Die **hond** WAARVAN die poot seer is, ...
 Die **kruiswa** WAARVAN die bak af is, ...

Hier volg nou 'n reeks voorbeelde om aan te toon hoe sinne met betreklike voornaamwoorde verbind kan word:

- (a) { Dit is die seun. Hy het die venster gebreek.
 { Dit is die seun WAT die venster gebreek het.
- (b) { Die seun is my neef. Hy is in die hospitaal.
 { Die seun WAT in die hospitaal is, is my neef.
- (c) { Waar woon die meisie? Jy het aan haar geskryf.
 { Waar woon die meisie AAN WIE jy geskryf het?
- (d) { Die kaffer werk vir my oom. Ek het met die kaffer
 { gepraat.
 { Die kaffer MET WIE ek gepraat het, werk vir my oom.
- (e) { Hier staan die beker. Ek het die melk daarin gegooi.
 { Hier staan die beker WAARIN ek die melk gegooi het.
- (f) { Die fiets is gesteel. Ek het £3 vir die fiets betaal.
 { Die fiets WAARVOOR ek £3 betaal het, is gesteel.
- (g) { Die man voel baie sleg. Sy motor het omgeslaan.
 { Die man WIE SE motor omgeslaan het, voel baie sleg.
- (h) { Die os trek goed. Sy horings is baie lank.
 { Die os WAARVAN die horings baie lank is, terk goed.
- (i) { Die tafel word heelgemaak. Die tafel se poot is af.
 { Die tafel WAARVAN die poot af is, word heelgemaak.
- (j) { In die kamp loop tien blesbokke. Ek het twee van
 { hulle geskiet.
 { In die kamp loop tien blesbokke WAARVAN ek twee
 { geskiet het.
- (k) { Hierlangs woon baie boere. Party van hulle is baie
 { arm.
 { Hierlangs woon baie boere party VAN WIE baie
 { arm is.
- (l) { Die skape het slegte pryse behaal. Die helfte van
 { hulle was maer.
 { Die skape WAARVAN die helfte maer was, het slegte
 { pryse behaal.

VOEGWOORDELIKE BYWOORDE

Kyk na die volgende sinne:

Jan is siek; **daarom** kom hy nie saam nie.

Ek het hom gewaarsku; **tog** wou hy nie luister nie.

Hy het opgestaan; **toe** het hy die deur toegemaak.

Jy moet jou werk doen; **anders** sal die onderwyser kwaad wees.

Hier word bywoorde (die vetgedrukte woorde) soos voegwoorde gebruik om twee hoofsinne te verbind. Wat betekenis betref, word hierdie woorde gebruik om die verhouding tussen twee gebeurtenisse aan te dui. **Daarom** in die eerste sin, byvoorbeeld, dui 'n verhouding van gevolg aan tussen Jan se toestand en die feit dat hy nie saamgaan nie.

Hierdie soort woorde noem ons **Voegwoordelike Bywoorde**.

(’n Lys van die bekendste voegwoordelike bywoorde word in groep 2 onder die hoof „Die Voegwoord” aangegee.)

Let op:

Voor die voegwoordelike bywoord gebruik ons gewoonlik ’n **kommapunt (;)**.

DIE ONTKENNING

Hoe word daar in Afrikaans ontken?

- (a) Deur indirekte ontkenning.
- (b) Deur ontkenningswoorde.

A. INDIREKTE ONTKENNING.

Wanneer daar indirek ontken word, is die vorm van die sin positief, maar deur middel van toonmodulasie, aksent, gebare, ens. word ontkenning uitgedruk. As jy my vra om iets te doen en ek wil te kenne gee dat ek dit nie sal doen nie, kan ek miskien sê:

- (i) Ek, dit doen?
- (ii) Jy sal lekker lag.
- (iii) Jy kan gaan kraai;

of as ek iemand wil meedeel dat hy 'n sekere ding nie kan doen nie, kan ek sê:

- (i) Jy lyk 'n mooi een.
- (ii) Wat verbeel jy jou?
- (iii) Dit wil ek eers sien.
- (iv) Jy, dit regkry?

B. ONTKENNINGSWOORDE.

1. DIE ENKELVOUDIGE SIN

- I. In Afrikaans word daar gewoonlik twee ontkenningswoorde gebruik, bv.

Ek mag NIE saamgaan NIE.
Hy kom NIE terug NIE.
Die seun hardloop NIE vinnig NIE.
Daar is NIEMAND tuis NIE.
Daar was GEEN mense op straat NIE.
Hy sal dit NOOIT doen NIE.
Ons kon hom NÊRENS (NIEWERS) vind NIE.
Hy het my NIKS gegee NIE.
Ek sal dit NIMMER vergeet NIE.

LET OP:

- (i) **Nimmer** word baie selde gebruik — gewoonlik net in poësie of verhewe taal, of met sterk nadruk: **nimmer of nou**.
- (ii) 'n Baie algemene verskynsel in sommige dele van ons land is die gebruik van **g'n** (dikwels uitgespreek: **ge** of **ga**) in plaas van die eerste **nie**. Gebruik hiervan is in sommige streke grotendeels beperk tot teenwoordige en toekomstige tye, bv.

Ek sal dit **g'n** doen nie.

Ek praat **g'n** met jou nie.

Af en toe darem ook in die verlede tyd, bv.

Ek het **g'n** vir jou geroep nie.

Ek het dit **g'n** gedoen nie.

In baie ander dele van die land word dit eweveel in al die tye gebruik.

II. Dikwels, egter, word daar **NET EEN** negatief gebruik, bv.

Ek sal **NIE**.

Jan kom **NIE**.

Jy moet **NIE** (**Ook: Jy moenie.**)

Die vuur in die stoof brand **NIE**.

Hy verstaan dit **NIE**.

Ek ken hom **NIE**.

Oom Piet se seuns werk **NIE**.

Lekker is hierdie lemoen bepaald **NIE**.

Baie vinnig ry hierdie trein **NIE**.

Let op:

Daar is **EEN** negatief:

- (a) wanneer die sin net uit 'n **onderwerp** + 'n **werkwoord in die teenwoordige tyd** bestaan. Hier volg nog 'n paar voorbeelde:

Die seun hardloop **NIE**.

Dit weerlig **NIE**.

Ek jok **NIE**.

Hy wil **NIE**.

Let op:

As die werkwoord 'n **skeidbaar** saamgestelde werkwoord is, word **twee nie's** gebruik, bv.

Ek kom NIE saam NIE.

Hy wens my NIE geluk NIE.

Die man in die motor ry NIE aan NIE.

- (b) Wanneer die sin net uit 'n **onderwerp** + 'n **werkwoord in die teenwoordige tyd** (skeidbaar saamgestelde werkwoord uitgeslote) + 'n **voornaamwoord** bestaan. Hier volg nog 'n paar voorbeelde:

Ek begryp jou NIE.

Hy antwoord my NIE.

Hulle vertrou mekaar NIE.

Ons weerspreek dit NIE.

Die man waarsku hom NIE.

- (c) In die meeste gevalle wanneer die sin met 'n bepaling begin en 'n werkwoord in die teenwoordige tyd bevat. Hier is nog 'n paar voorbeelde:

Op die tafel is die mes NIE.

Boeiend gesels hy tog NIE.

Op daardie perd ry ek vandag NIE.

Aanstaande week kan ek NIE.

More help ek jou regtig NIE.

Nou kan ek NIE.

Op daardie ou wa laai ek hierdie vrag NIE.

- III. In sommige enkelvoudige sinne is die gebruik van die tweede **nie** opsioneel. Soms word dit gebruik, soms nie, bv.

Jan kom (NIE) vandag NIE.

Die seun verstaan (NIE) die som NIE.

Hulle melk (NIE) die koeie op die plaas NIE.

Op die oomblik doen ek NIKS (NIE).

Dit doen ek NOOIT (NIE).

Ek sien NIEMAND (NIE).

A: Waar gaan jy heen? B: NÊRENS (NIE).

Let op:

Dit gebeur net wanneer daar 'n werkwoord in die teenwoordige tyd (skeidbaar saamgestelde werkwoorde uitgeslote) gebruik word.

IV. PLEK VAN DIE ONTKENNINGSWOORDE:

- (a) Die **tweede NIE** staan altyd aan die end van die enkelvoudige sin, selfs al eindig die sin met 'n infinitief (d.w.s. 'n OM TE-frase), bv.

Daar is nie genoeg stoele **om op te sit NIE**.

Dit is nog nie te laat **om te gaan NIE**.

Jy moet nie vergeet **om die briewe te pos NIE**.

- (b) Die **eerste** ontkenningwoord staan gewoonlik:

- (i) net na die werkwoord of hulpwerkwoord, bv.

Ons **gaan NOOIT** uit nie.

Die man **het NIE** die waarheid vertel nie.

Die man **wil NIE** die werk doen nie.

Die kêrel **wou NIE** saamgaan nie.

- (ii) net na voornaamwoord, bv.

Hy wou **my NIE** glo nie.

Ek kon **hom NIE** oortuig nie.

Hy gee **dit NIE** aan jou nie.

Hy glo **my NIE**.

- (iii) net vóór of net ná die direkte voorwerp, bv.

{ Ek kan **die som NIE** goed verstaan nie.

{ Ek kan **NIE die som** goed verstaan nie.

{ Hy bring **die koffie NIE** na die land toe nie.

{ Hy bring **NIE die koffie** na die land toe nie.

{ Die man het **sy werkvolk NIE** betaal nie.

{ Die man het **NIE sy werkvolk** betaal nie.

- (iv) net na die werkwoord (of hulpwerkwoord), of net voor of net na 'n bepaling van tyd, bv.

{ Hy **maak NIE** sy perd elke dag vas nie.

{ Hy maak sy perd **NIE elke dag** vas nie.

{ Hy maak sy perd **elke dag NIE** vas nie.

{ Hy **het NIE** die man verlede week betaal nie.

{ Hy het die man **NIE verlede week** betaal nie.

{ Hy het die man **verlede week NIE** betaal nie.

In bostaande voorbeelde is daar verskil van betekenis. Onthou net dit: die plek van die eerste **nie** hang grotendeels af van wat die spreker wil ontken. As die **nie** net na die werkwoord (of hulpwerkwoord) staan, **word die hele sin ontken**. Origens staan die eerste **nie** gewoonlik **voor** die woord of idee wat ontken wil word.

Kyk na die volgende voorbeelde:

Hy gaan **nie** aanstaande week met sy nuwe mauser by oom Piet bokke skiet **nie**.
(hele sin word ontken).

Hy gaan aanstaande week **nie met sy nuwe mauser** by oom Piet bokke skiet **nie**.

Hy gaan aanstaande week met sy nuwe mauser **nie by oom Piet** bokke skiet **nie**.

Hy gaan aanstaande week met sy nuwe mauser by oom Piet **nie bokke** skiet **nie**.

V. LET OP HOE DIE VOLGENDE VETGEDRUKTE WOORDE ONTKENNEND GEMAAK WORD. Almal is teenstellings (nie direkte ontkenings nie) behalwe **nêrens** en **niemand**.

Sin	Ontkennende vorm
1. Hulle was almal by die huis.	Hulle was geeneen (g'neen) by die huis nie .
2. Ons het baie om te doen.	Ons het niks om te doen nie .
3. Hier is al baie mense.	Hier is nog geen mense nie .
4. Het jy al iets van Jan gehoor?	Het jy nog niks van Jan gehoor nie ?
5. Ek het dit al êrens gesien.	Ek het dit nog nêrens gesien nie .
6. Ek het al iemand gesien wat nes hy lyk.	Ek het nog niemand gesien wat nes hy lyk nie .
7. Ek sal dit heeltemal glo.	Ek sal dit glad nie glo nie .

- | | |
|---|---|
| 8. 'n Hele klomp van ons
het gegaan. | Geeneen (G'neen) van
ons het gegaan nie. |
| 9. Wil jy een of altwee hê? | Wil jy een of geen van
beide hê nie? |
| 10. So-iets is van veel nut. | So-iets is van geen nut
nie. |
| 11. Dit was moontlik. | Dit was onmoontlik. |
| 12. Is dit waar? | Is dit onwaar? |
| 13. Jan en Piet was albei
daar. | Jan en Piet was geeneen
(g'neen) daar nie. |
| 14. Of Jan of Piet moet gaan. | Nog Jan nog Piet moet
gaan. |

2. DIE SAAMGESTELDE SIN

By die saamgestelde sin hang die plek van die NIE'S af van die pouses wat ons maak onder die lees of die praat.

As daar taamlike lang pouses tussen die onderlinge sinne of dele van 'n saamgestelde sin gemaak word, word elke sin of deel apart ontken, d.w.s. kry elke sin of deel wat ontkennend gemaak word gewoonlik **twee nie's** of twee ontkennende woorde.

Hierdie pouses word gewoonlik in die volgende gevalle gemaak:

(Onthou: daar staan gewoonlik 'n komma waar so'n pouse gemaak word.)

- (a) Na die bysin, as daar 'n bysin voor 'n hoofsin staan, bv.

As dit koud word, moet jy my baadjie bring.

As ek sowel die hoofsin as die bysin negatief wil maak, moet albei dus **twee nie's** of ontkenningswoorde kry, bv.

As dit **nie** koud is **nie**, moet jy **nie** my baadjie bring **nie**.

As net een van die twee ontkennend gemaak word, staan die twee **nie's** in daardie sin wat ontkennend word, bv.

As dit koud is, kom ek **nie** land toe **nie**.

As dit **nie** koud is **nie**, kom ek land toe.

- (b) Voor 'n bywoordelike bysin wat met een van die **omdat**-groep (**omdat, daar, deurdat, aangesien**) of **alhoewel**-groep (**alhoewel, ofskoon, hoewel, al**) voegwoorde begin. Verdere uiteensetting soos vir (a). Kyk na hierdie voorbeelde:

Ek gaan **nie** saam **nie**, omdat ek **nie** gesond voel **nie**.

Ek gaan **nie** saam **nie**, omdat ek hoofpyn het.

Ek gaan saam, omdat ek **niks** anders het om te doen **nie**.

Let op:

Sommige mense maak ook taamlke lang pouses voor:

mits, tensy, terwyl, indien, e.a.

- (c) Voor die voegwoordelike bywoord, as hoofsinne met voegwoordelike bywoorde verbind is. Kyk na die voorbeelde:

Hy is **nie** gevra **nie**; dus gaan hy **nie** saam **nie**.

Hy is **nie** gevra **nie**; dus bly hy tuis.

Hy is ook gevra; dus bly hy **nie** tuis **nie**.

- (d) Voor die voegwoorde **maar, want, dog en en**, behalwe wanneer die twee **en**-verbonde sinne dieselfde konstruksie vertoon. Voorbeelde:

Ek gaan **nie** saam **nie**, want ek voel siek.

Ek gaan saam, want hier is **niks** om te doen **nie**.

Ek gaan **nie** saam **nie**, want ek is **nie** gevra **nie**.

- (e) Voor parentetiese en eksplikatiwe byvoeglike bysinne. (Parentetiese = ingevoegde; eksplikatiwe = verduidelikende). Voorbeelde:

Die ou man, wat al jare gelede hier weggetrek het, het my **nie** geken **nie**.

Die ou man, wat **nie** meer by sy volle verstand was **nie**, het my **nie** geken **nie**.

Die ou man, wat **nie** meer by sy volle verstand was **nie**, het selfmoord gepleeg.

LET WEL

- (i) Die voegwoord **al** neem soms net **een** ontkenningwoord:
Al kom ek **nie**, moet jy tog gaan.
- (ii) Hoofsinne neem soms net **een** ontkenningwoord:
Ek sal **nie**, want dis teen my beginsels.
- (iii) Sommige selfstandige bysinne waarin die **dat** wegelaat is, neem soms net **een** ontkenningwoord:
Jan sê hy gaan **nie**.
- (iv) As 'n bysin ná 'n hoofsin staan, vorm die twee soms 'n eenheid en word daar geen pouse voor die bysin gemaak nie, bv.

Hy het gesê dat hy sal kom.

Wat gebeur nou? As ons die hoofsin alleen ontkenkend maak, kom die tweede ontkenningwoord aan die end van die eenheid, d.w.s. aan die end van die bysin:

Hy het **nie** gesê dat hy sal kom **nie**.

As net die bysin ontkenkend gemaak word, staan albei ontkenningwoorde in die bysin:

Hy het gesê dat hy **nie** sal kom **nie**.

As die hoofsin sowel as die bysin ontkenkend gemaak word, val die tweede **nie** van die hoofsin saam met dié van die bysin aan die end van die bysin:

Hy het **nie** gesê dat hy **nie** sal kom **nie**.

Let op:

Dit gebeur meestal wanneer die bysin 'n selfstandige bysin is, maar dikwels in ander gevalle ook, bv.

Hy het **nie** gister gekom sodat ek hom kon vra **nie**.

Dit is **nie** die fiets wat Jan gekoop het **nie**.

Jy sal **nie** drup as jy hard werk **nie**.

Dis **nie** duidelik hoe ek dit moet doen **nie**.

Ek het hom nog **nie** gesien sedert hy hier weggetrék het **nie**.